
LES 1

# DIE TIEN GEBOOIE




**Wat is die tien gebooie en hoekom is dit so belangrik?**

Kom ons gaan terug in tyd... ver ver terug na Moses en die Israeliete.



LES 1

# DIE TIEN GEBOOIE

## STORIE RE-CAP

Baie lank gelede in Egipte het die Israeliete gewoon. Hulle was gesond en sterk en hulle as 'n volk het gegroei en meer geraak. Die Farao van daardie tyd het benoud geraak en hulle as slawe gemaak. Vir 400 Jaar was hulle slawe daar het horrible goed met hulle gebeur.

Moses wat ook 'n jode seun was wat aangeneem was deur Farao se dogter kon nie hanteer hoe die Israeliete hanteer was nie. Hy het gesien hoe 'n Egiptenaar een van die Israeliete slaan en het so kwaad geword hy het daardie Egiptenaar dood gemaak.

Moses het gevlug en gaan skape op pas vir 40 jaar voor die Here aan hom in 'n brandede bos gepraat het.

Die Here het vir Moses uitgekies om die Israeliete uit te lei uit Egipte na die beloofde land.

Ek dink nie Moses of die Israeliete het besef watter interesante reis hulle op afstuur nie.

Die pad was nie maklik nie en hulle het deur baie dinge gegaan voor hulle by die beloofde land gekom het.

Een van die goed wat hulle moes leer en onthou en uitleef is die 10 gebooie.

God het geweet dit is moeilik vir die Israeliete, hulle was vir so lank gewoond aan die kultuur en gebruike van die Egiptenare. Daai gebruike was verkeerd in God se oë, en die Israeliete moes dit los. God het vir hulle die 10 gebooie gegee om hulle te leer hoe Hy wil hê hulle moet leef.

LES 1

# DIE TIEN GEBOOIE

Deuteronomium 5:22

God het die hele volk gesê om op te gaan na 'n berg waar Hy hulle sy wette gaan gee.  Die volk het die vuur gesien en Sy stem gehoor en het in vrees vir Moses gesê:  Gaan jy, ons het gesien hoe God praat en glo Hy is God.  As ons daar opgaan sal ons sekerlik dood gaan.

Die Here het hulle gehoor en vir Moses gesê, laat hulle in hul tente gaan en kom jy op.

God het vir Moses gese om twee klip tafels uit te kap dat God die tien gebooie daarop kan skryf.

Wie van julle het al op 'n klip probeer skryf sonder 'n pen of potlood?
Toe God op die kliptafels geskryf het het Hy die woorde uitgegraveer of uitgebytel op die klip.

As ons as mens nie die regte masjiene het nie kan ons nie op klip skryf of uitgraveer nie.   Hoe amazing moes dit nie gewees het om te sien hoe God op die kliptafels skryf nie.

Ek wonder nogal hoe het Sy handskrif gelyk.

LES 1


# DIE TIEN GEBOOIE

**Aktiwiteit:**

Gaan soek 'n klippie in die tuin wat 'n lekker groterige plat kant het.

Was die klippie mooi skoon buite dat al die sand af kom en sit hom in die son om droog te word.

Wanneer die klippie droog is gaan ons ietsie daarop skryf / verf.



Wanneer jou klippie mooi droog is, vra jou mamma of pappa om vir jou kokis of verf of potlode te gee.




Versier jou klippie en skryf jou naam en die datum daarby dat jy altyd kan onthou wanneer jy hierdie klippie gemaak het.

Vir die kindertjies wat nie kan skryf nie, hulle kan teken op die klippie en mamma/pappa kan hulle naam en datum bysit.